Die genade van die Here is groter as wat ons dink

Teks: Mattheus 6: 25-35 & Sondag 9
Teksvers: Mattheus 6: 33

1. Inleiding

Geliefdes in ons eerste diens het ons gefokus op die Here se genade wat tot in, en regdeur gevangenisskap strek. Maar ons is vanoggend nie in gevangenisskap nie. Of ten minste nie letterlik en fisies nie. Tog beteken dit natuurlik nie dat ons nie enige probleme ervaar nie. Soms is die probleme wat ons ervaar klein vir ander mense en die samelewing, terwyl dit vir my so groot is dat dit selfs my einde kan beteken.

Soms voel my probleme so groot, dat ek verkeerdelik dink dat self die Here nie kan help nie. Die gebied van die Here is mos geloof en die kerk, maar dit is nie my probleem nie. Die probleem wat ons dikwels in die gesig staar is fisies, ekonomies, finansieel of biologies, medies van aard. Ons voel dikwels ver van die Skepper van alle dinge omdat ons dikwels nie eers ’n behoefte aan die verstaan van die skepping het nie, maar wel ’n rekening om te betaal of pyn aan die liggaam. Ons het meeste van die tyd ’n onderhouer en versorger nodig.

In die geskiedenis wat ons vanoggend uit die Matteus evangelie bestudeer is daar ook ’n groepie mens met hierdie bekommernisse. Hulle is vuur en vlam om die evangelie met die wêreld te deel, maar die sorge van die lewe dreig om hulle ywer te stuit. Om die fokus van die koningryk van die Here af te haal en vas te vang in oorlewing en alledaagse versorging en onderhoud. Maar dan gee Christus die belangrike onderrig wat ons in Matteus 6: 25 - 34 aantref.

Dit is ’n bekende teksgedeelte wat ons goed ken, maar kom ons luister weer vanoggend weer hoe groot die troos in ons verhouding met die skepper en onderhouer van die heel is.

2. God is ons hemelse Vader

Die geheim van ons unieke verhouding met die Here word geopenbaar in vers 26 van ons teksgedeelte. Ons lees die frase : “Julle hemelse Vader”. En ons herken dadelik hierdie verhouding, ’n Vader-kind verhouding. Dit is ’n intieme naby verhouding. Maar tussen wie presies bestaan hierdie verhouding. Wel aan die een kant, aan die kind kant is ons. Swak sondige mense wat eintlik alreeds elke dag besig is om sterf hier op aard.

Wanneer ons dan hierdie swakkeling mens in die middel van my denke en beplanning plaas, verval mens vinnig in ’n diep depressie. Hierdie mens, ek self voel maklik magteloos teenoor die sorge van die lewe. Op ’n uiterse elementêre vlak, ja op die mees basiese vlak van menslike behoeftes. Waarmee gaan ek hierdie liggaam van my voed en bedek. Hoe gaan ek kos en klere kan bekostig in hierdie duur samelewing?

Maar dit is dan wat die anderkant van die Vader kind verhouding belangrik is. Die Here wat ons bely, bely ons as Almagtig en die Skepper van hemel en aarde. Skielik werk ons nie meer met ’n swakeling wat skaars aan die lewe kan bly nie. Nee, ons fokus is op die skepper van alles dinge wat ons vandag nog om ons waarneem. Ja dinge soos wilde voëls, veld lelies en gras in ons teksgedeelte. Uiteindelik natuurlik ook die skepper van dinge wat ons nodig het vir oorlewing. Dinge soos kos en klere.

Wanneer ons dan na die tipe verhouding kyk vind ons die volgende troos. ’n Verhouding tussen twee vriende, of selfs tussen ’n werkgewer en werknemer het geen of beperkte verantwoordelikhede. Hulp en versorging is iets opsioneel, ’n mooi gebaar. Maar wanneer dit by ’n Vader kind verhouding kom is hierdie saak nie meer opsioneel nie. In bykans alle kulture en self tussen diere is daar ’n verwagting van versorging van die kinders deur die ouers. Dit is nie ’n opsionele saak nie. Trouens die wêreld kyk opreg met afsku neer

op iemand wat nie hulle kinders versorg nie. Is dit daarom te vergesog om te verwag dat die Here ons sal versorg?

3. God weet wat ons nodig het.

In ons teksgedeelte sien ons as ware ingebou in die skepping versorging vir alles. Die wilde voëls, veldlelies en selfs die grad van die veld. Die spesifieke ding wat elkeen nodig het om te oorleef is alreeds teenwoordig in die skepping. Dieselfde is natuurlik ook waar vir ons as mense. Ons hemelse Vader weet wat ons nodig het, en het dit alreeds geskep hier op die aarde binne ons bereik.

Tog weet ons dat die sorge van die lewe voortspruit uit ’n bekommernis oor die skaarsheid van hulpbronne. Is daar werklik genoeg kos in die wêreld vir alle mense? Maar baie meer persoonlik vanoggend, sal ek genoeg kos en klere kan bekom om versorg te wees? Ons hemelse Vader weet presies wat ons daaglikse broodnood is, en Hy sal daaraan voorsien. Ook sal Hy ons nie tot skande maak, om naak die wêreld in te gaan in. Dit is immers Hy self wat in Genesis 3:21 velklere vir Adam en Eva maak voordat hulle weggestuur word uit die tuin van Eden. Dit is ook die Here self wat die volk met manna in die woestyn voed.

Daarom moet ons nooit die leuen van die bose glo, dat God nie in staat is my te help nie. Die Here Almagtige Skepper en onderhouer van die heelal kan en wil deur Sy liefde vir my as mens versorg. En soos ’n goeie aardse Vader presies weet wat Sy kinders nodig het, net so weet die Here ook presies wat ons elke dag nodig het.

Trouens ons skrifgedeelte sê eintlik nog meer as dit. Selfs salomo in al sy prag was nie geklee soos die veldlelies nie. Vandag is dit selfs nog meer waar as ooit. Geen kunsmatige manier van versorging kan ooit opweeg teenoor die sorg van die Here nie.

4. Ons moet die koninkryk soek.

Tog wanneer ons na ons teksvers kyk, is dit duidelik dat die versorging deur die Here ’n spesifieke doel het. En hierdie doel is nie om maar vir die mens ’n luilekker agteroorsit lewe te verskaf nie. Nee, ons kan weer terugkeer na die spesifieke vader-kind verhouding waarvan versorging ’n aspek is. Ons weet dat goeie aardse ouers nie eenvoudig hulle kinders met alles sal bederf ten einde vir hulle ’n leeglêery lewe te bewerkstellig nie. Nee, goeie aardse ouers het ook ’n groter droom, ’n groter doelwit vir hulle kinders.

Goeie aardse ouers versorg ten opsigte van lewensbehoeftes van hulle kinders om hulle los te maak om opleiding te kan ontvang. Daarom versorg baie ouers ook nog hulle kinders na skool tydens hulle studies. Want hulle weet dat hierdie studies, ’n instrument is waardeer hulle kinders ook die wêreld ’n beter plek kan maak. Dit is ’n stuk gereedskap wat aangewend kan word, in diens van die koninkryk van die Here.

Presies dit is ook die groter boodskap in Christus se leerstellings in ons teksgedeelte vandag. Hy versorg gelowiges, sodat hulle hande los is. Vers 33 openbaar dan die rede waarom mense se hande moet los wees van alledaagse sorge en bekommernisse. Maar soek eers die koninkryk van God en sy geregtigheid, en al hierdie dinge sal vir julle bygevoeg word.

Die Here stel ons deur Sy versorging vry van die sorge van die lewe, sodat ons nuwe sorge en bekommernisse kan opneem. En hierdie nuwe sorge en bekommernisse is die koninkryk van die Here. Die genade van die Here is groot genoeg dat ons, ons fokus en hele lewensrigting op Hom alleen kan plaas.

5. Slot

Ons kan weereens vandag se leerpreek op ’n praktiese noot afsluit. Die wêreld wil ons oortuig om hard te werk aan ons loopbane en selfs nog ekstra bronne van inkomste na te jaag. Die oortuiging wat die bose effektief gebruik is die sorge van die lewe. Ons word maklik oortuig dat alles ’n kompetisie is. En as ons nie eenvoudig wen in ons werk en loopbaan nie, sal ons uiteindelik honger ly en kaal wees. Maar dit is uiteindelik nie waar nie.

Want hierdie loopbaan en verkryging van materiële middele moenie die middelpunt van ons bestaan word nie. Dit moet uiteindelik nie verafgod word nie. Met ander woorde, ek moenie terugsny op geestelike sake en aktiwiteite bloot om te werk aan hierdie materiële sake nie. My eerste fokus moet die koninkryk van die Here wees en bly. Want wanneer ek dit effektief najaag, sal daar outomaties in al hierdie ander sake van my lewe voorsien word.

Uiteindelik kan ’n mens nie hierdie gedeelte bestudeer sonder om diep bewus te word van die genade van die Here nie. Deur die genade van die Here word daar aan die wilde voëls, en veldlelies en selfs veldgras voorsien. Hoeveel te meer sal die Here ons nie ook versorg deur Sy groot genade nie. Natuurlik bly die verantwoordelikheid van goeie bestuur en aanwendig van ons seëninge en gawes geld. Maar sonder die genade sou hierdie seëninge en gawes nie daar gewees het nie. Daarom is dankbaarheid, dankbaarheid wat gefokus is op die uitbreiding van die koninkryk van die Here die regte begin plek by hierdie gesprekke en oortuigings

Amen